# 9 Junie 2023 - Lesing 44 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

1Timotheus 5:2:

*Julle weet self baie goed dat die dag van die Meester kom net soos 'n **dief in die nag**.*

*1Th 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n **skielike verderf** hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.*

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Stilte vóór die storm - **'n bedrieglike vrede –** 16/11/57

**NO:6970** Moet julle nie om die bos laat lei deur te glo dat julle 'n tyd van vrede tegemoet gaan nie, al lyk dit so. Dit sal slegs **die stilte voor die storm** wees. En vinniger as wat julle dink sal die aangesig verander van hulle wat van vrede gespreek het en nou reeds is hulle besig om **die vuur onder die volkere van hierdie aarde aan te wakker**. Die rus sal vir julle gevaarlik wees, omdat julle daardeur maar net onverskillig sal word en julle aardse bestaan nog slegs vir wêreldse belange sal gebruik.

En daarom skud Ek die mense steeds weer uit hulle rus op om hulle wakker te hou. En daar sal daarom ook nog baie gebeur waarby **die blik van die mense weer gerig sal word op rampe en katastrofes** van allerlei aard. Hulle sal naas die skynbare opbou en wêreldlike welstand ook deel moet neem aan die gebeurtenisse, waarby die krag van die mense nie toereikend sal wees om dit te verhinder nie. Hulle sal moet leer om in te sien dat geen mens veilig is vir die slae van die noodlot nie, al lyk die aardse lewe hoe seker.

Julle mag julleself nie laat bedrieg deur die wêreld-situasie wat skynbaar tot bedaring gebring is nie, want dit is almal bedrieglike meganismes. Dit kan vir julle 'n slegte ontwaking beteken as julle julleself oorgee aan hierdie rus en op geen vermanings wat na die einde verwys sal ag slaan nie.

**Die ommekeer sal skielik kom** en dan moet julle almal voorbereid wees en daarom glo dat die ommekeer sal kom. Julle kan nou al baie tekens van die einde volg, maar netso sal die teenstander daarvoor sorg dat hy julle sand in die oë sal strooi. Hy wil beslis nie hê dat julle aan 'n einde moet glo en julleself ernstig besin en verander nie.

Daarom beïnvloed hy ook sy dienare, sodat hulle die mense laat glo dat julle 'n nuwe en heerlike tyd sal tegemoetgaan in vreugde en vrede. En hy sal ook daarin slaag, want die mense sal eerder diegene glo wie hulle self kan nagaan, **as dit wat verkondig word vanuit van die geestelike ryk**. Bowendien wil hulle veel eerder glo aan 'n mooi en gelukkige toekoms in aardse sin as aan 'n einde van hierdie aarde.

Maar Ek hou nie op om julle te waarsku en aan te spoor nie, want dit gaan nie net oor die korte jare van julle aardse bestaan nie, maar oor die ewigheid. En My vermanings sal steeds dringender word hoe duideliker 'n skynbare rus homself oor die aarde sal versprei, hoe meer die mense, wat miskien al onder die indruk was van die voortdurende verwysings na die komende einde, hulself met 'n **skynbare vrede** vertroud gemaak het en hul goeie voornemens vergeet het. Deur die aardsgesinde wêreld sal My teenstander nog eenmaal sy vangarms uitstrek na die mense en dit sal 'n enorme sterk geloofsterkte vereis om nie in sy kloue te beland nie.

Daarom maak Ek julle steeds weer opmerksaam op wat julle nog te wagte staan. **Laat julle nie mislei nie**. My Woord is Waarheid en sal ook vervul word. En My Woord verkondig aan julle 'n naderende einde waar 'n duidelike ingryping deur My dit sal voorafgaan: **'n Natuurkatastrofe van die grootste omvang,** sodat dit die mense wat in vrede glo, baie sal verras. Maar hulle sou dan ook nog kan omkeer en die kort weg tot die einde aflê in 'n gedurige strewe na voltooiing.

Hierdie katastrofe sal **tallose menselewens eis** en hoe weet julle of julle nie dalk één van hulle sal wees nie? Of dit vir julle dan nie te laat sal wees wanneer julle in onverskilligheid en hoop op die toekoms sal voortgaan en julle laat verblind deur die vors van hierdie wêreld nie?

Dink dus steeds aan My Woorde wanneer julle hoor van berigte oor die 1)**skielike sterwe van mense**, van 2)**slae van die noodlot** en 3)**smartlike gebeurtenisse** van allerlei aard.

Daardeur wil Ek elkeen waarsku teen 'n skielike einde. Ek wil dat julle jul oë gerig sal hou op die Mag wat alles kan verwoes wat julle opgebou het en wat al julle planne ten gronde kan rig. Verbind julle meer met hierdie Mag en **vind die weg tot My**, vertrou julle toe aan My en vra My vir die korrekte leiding, om beskerming en erbarming en geloof, want daar kan slegs vrede wees in verbinding het met My, maar dat julle bedrieg word wanneer 'n aardse vrede vir julle verseker word.

Want die mensdom leef nie meer sodat haar bestaan vol vrede kan wees nie, sy streef nie na geestelike ontwikkeling nie en het daarom ook die reg verspeel om op hierdie aarde te mag lewe. Amein.